# Gesels saam

GRAAD 7-10

## WELKOM

Hou ’n lootjietrekking. Voorbeeld: Deel vir almal ’n papiertjie uit; al die papiertjies is skoon, buiten een wat ’n prentjie van ’n kroon op het.

Verduidelik vir die groep dat die persoon wat die kroon gekry het nou die koning(in) is. Die persoon is “royalty” en sy of haar woord is wet. Hierdie koning(in) gaan nou oor baie belangrike en moeilike sake moet besluit.

- Vra vir die koning(in): Wat is jou gunstelingkos? Jy as koning(in) moet nou ’n keuse maak: Jy mag nooit weer in jou lewe jou gunstelingkos eet nie en dan sal niemand ooit weer tandpyn hê nie. Gaan jy dit doen?
- Jy moet kies tussen ’n leeftyd se gratis sjokolade net vir jouself of dat almal op aarde een sjokoladestafie kry. Wat kies jy?
- Jy moet een van die volgende opsies kies: Jy kan alle hongersnood in die wêreld wegneem, maar dan word misdaad meer óf alle misdaad op aarde word weggeneem, maar hongersnood word meer.

Gesels saam:

- *Vra vir die groep:* Hoe het julle gevoel oor die keuses wat die koning(in) gemaak het? Hoe het dit gevoel om geen sê te hê oor wat met jou gaan gebeur nie?
- *Vra vir die koning(in):* Hoe het dit gevoel om in daardie posisie geplaas te word? Was die besluite maklik of moeilik om te neem? Hoekom?

## WONDER

Vandag lees ons van Ester, ’n vrou wat in ’n koninklike posisie geplaas is en toe ’n moeilike besluit moes neem.

Lees Ester 4:8-14 saam. Vertel gerus die volle verhaal kortliks vir die groep.

Gesels saam:

- Watter eienskappe het Ester gehad?

- Watter eienskappe het Ester gehad?
- Het iemand al vir jou opgestaan? Hoe het dit jou beïnvloed?
- Waar het jy of iemand wat jy ken die moed gehad om die regte ding te doen, al was dit moeilik?

## WEES

*Isibindi* is ʼn Zulu- en Xhosa-woord wat "wees dapper" beteken. Hierdie verhaal herinner ons dat ons dapper kan wees, al is ons bang, want God is aan ons kant.

Leer die woord uit julle kop en gebruik dit om julleself te herinner dat julle dapper kan wees omdat God by julle is.

Laat die jongmense vir hulle elkeen ʼn armband maak met die woord *isibindi* op. Hou dit eenvoudig deur die woord op ʼn strook papier of ʼn stuk lint te skryf en dit om elkeen se arm te bind. Julle kan ook ʼn armband van rek en krale (wat die woord *isibindi* spel) maak.

## WEGSTUUR

Vertel vir iemand by die huis wat die woord *isibindi* beteken en hoe dit jou aan die verhaal van Ester herinner.

---